

# Hou POPI-wet in gedagte met uitvoer

Ingevolge die protokol tussen Suid-Afrika en China moet die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling gedurende mielies se groeiseisoen op plaasvlak ondersoeke en toetse doen voor uitvoer kan begin.

Die protokol is China se invoervereiste en die registrasieproses en lys van geregistreerde markdeelnemers is vereistes wat China as deel van sy invoer-vereistes verlang. Dit is 'n algemene handelvereiste om naspeurbaarheid te bewerkstellig in geval van 'n plaag wat in 'n besending opgespoor moet kan word.

Internasionaal goedgekeurde toesig- en toetsmetodes vir mieliedwerg- en suikerrietmosaïekvirus, en sorghumdonsskimmel word vereis.

Die direktoraat plantgesondheid van die departement het markdeelnemers soos opbergers en uitvoerders daarom op 18 November 2022 versoek om hul geriewe vir uitvoer na China in die 2022-'23-produksiejaar teen 9 Desember te registreer.

## PROTOKOL MET CHINA

Die department registreer jaarliks produsente, uitvoerders en opbergingsaanlegte wat by uitvoerprogramme betrokke is.

Die direktoraat plantgesondheid (NPPO) is verantwoordelik vir die registrasie. Die NPPO sluit direktoraat plantgesondheid (DPH), die direktoraat inspeksiedienste (DIS) en die direktoraat invoer- en uitvoerstandaarde (DFIES) in. Die DPH administreer die lyste, maar die DIS doen die inspeksies in fitosanitêre sertifisering. Alle inligting wat bekom word, word in een departement en een NPPO hanteer.

Die departement skakel regstreeks met produsente om te reël vir inspeksies en toetse.

Die departement is verplig om die Chinese owerheid in kennis te stel van die voorkoms van enige nuwe plae in Suid-Afrika. Indien nodig kan die Chinese regering kwarantynpersoneel op Suid-Afrika se koste na Suid-Afrika uitplaas om 'n opname te maak van die voorkoms van plae in Suid-Afrika en die maatstawwe om dit te bekamp.

As besendings na China plae bevat, sal die besending slegs toegelaat word as die plaag doeltreffend bekamp kan word. Indien nie, sal die besending vernietig word of teen die koste van die uitvoerder in Suid-Afrika teruggestuur word.

Die departement en die Chinese owerheid het reeds in 2014 'n ooreenkoms oor die fitosantêre vereistes vir Suid-Afrikaanse mielies bereik. Mielies wat uitgevoer word, moet aan die fitosanitêre regulasies van China vir invoer en aan die nasionale standaarde in China voldoen. Die mielies moet vry wees van lewende insekte, asook plae wat onder kwarantyn in China is.

Dit is dus in belang van uitvoer na China om streng aan die protokol te voldoen.

## PERSOONLIKE INLIGTING

Teen einde Januarie het markdeelnemers soos opbergers versoeke van die direktoraat inspeksiedienste begin ontvang vir produsente se kontakbesonderhede. Volgens die e-poskommunikasie sal die inligting net vir doeleindes van die fitosanitêre ondersoeke gebruik word en nie vir handelsdoeleindes nie. Volgens die departement dra die DPH nie inligting na enige ander entiteit nie.

Die uitvoerprotokol tussen die Suid-Afrika en China is op 4 Desember 2014 onderteken. Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013, POPI) het bykans vyf jaar later op 10 September 2019 in werking getree. Die wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur die regering en private sektor verwerk word. Die voorwaarde is dat die verwerking van persoonlike inligting aan sekere minimum vereistes moet voldoen.

Dit reguleer die vloei van persoonlike inligting oor Suid-Afrika se grense en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Ingevolge artikel 13 en artikel 14 van die POPI-wet mag persoonlike inligting slegs bekom word vir 'n spesifieke, verklaarde en wettige doel en mag dit slegs gehou word vir so lank as wat nodig is om aan daardie doel te voldoen. Dit moet ook veilig gehou word.

Indien die instelling die inligting vir 'n ander doel wil aanwend, sal hy moet teruggaan na die verskaffer van die inligting en opnuut toestemming vir daardie doel vra.

Dit alles beteken dit is heeltemal binne die regte van die produsent of instelling om te vereis dat die departement duidelik op skrif moet verklaar vir watter doel die inligting aangevra word. Die departement moet onderneem om die inligting veilig te hou vir so lank as wat die inligting vir daardie doel benodig word.

## TOESTEMMING

Ingevolge die POPI-wet is dit dus 'n vereiste dat 'n produsent eers toestemming moet gee voordat sy persoonlike kontakbesonderhede of inligting aan die departement verskaf mag word. 'n Produsent mag weier dat opbergers sy persoonlike inligting aan die departement verskaf. As produsente weier, sal hulle egter nie kan uitvoer nie. Die vereiste word deur die invoerland gestel. Dit is dus 'n voorwaarde om uit te kan voer.

Indien markdeelnemers die toestemming van produsente het en die inligting nie van 'n aard is wat skade aan die produsente se kommersiële belange kan doen of hulle kontraktueel kan benadeel nie, behoort die verskaffing van 'n produsent se kontakbesonderhede deur 'n markdeelnemer soos 'n opberger of uitvoerder aan die departement in orde te wees.

Agbiz Grain het versoek dat die departement die nodige skriftelike versekerings met betrek tot die bewaring en aanwending van die inligting in dié verband verskaf. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain en me. Annelize Crosby is hoof van regsintelligensie by Agbiz.*